

Sing vooraf staande: Psalm 145:5 (p. 696)

- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Gebed

Amen.

Psalm 66:1 (p.320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Skriflesing: Handeling 9; Kategismus Sondag 33

Teks: Handeling 9:4-6

**En hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom
vervolg jy My?**

**En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy
vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.**

**En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek
doen? En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit
sal jou gesê word wat jy moet doen. (Handeling 9:46 AFR53)**

Paulus word bekeer deur Jesus Christus. Dit was 'n oorweldigende gebeurtenis. Ingrypend
verander God die geskiedenis van 'n mens sodat 'n hater van God se kerk verander word
in een van die sterkste uitbouers daarvan.

Die halfgelowige Jode roep Saulus se hulp in om die Christene uit te roei. Maar God wou
dit anders.

- Op pad na Damaskus verander God Saulus, die vervolger, na Paulus, die apostel.
- Dan kry Paulus die bevel: Staan op ... Gaan voort ...
- Daarvandaan het Paulus se werke duidelik sy bekering geopenbaar.

- 1. Die verhouding tussen Christus en bekering**
- 2. Die verhouding tussen geloof en bekering**
- 3. Die verhouding tussen goeie werke en bekering**

1. Die verhouding tussen Christus en bekering

Deur die Here Jesus gebeur daar twee dinge met ons.

- Die eerste is die afsterwing van die oue mens, en
- die tweede is die opstanding van die nuwe mens.

Die twee dinge gebeur gelyktydig.

- Dit kan gebeur omdat die Here Jesus se krag oor ons so sterk is dat ons dit kan regkry om die sonde te oorwin – dis die afsterwe van die oue mens in ons.
- Hoe minder kwaad ons doen, hoe meer goeie dinge moet ons doen – dis dan die nuwe mens. Dis die bekeerde mens wat in die goeie werke van God voortleef.

Die dood van die Here Jesus beeld hierdie saak baie mooi af.

- Hy sterf as 'n vervloekte sondaar – die Veroordeelde voor God ter wille van die sondes van die mense.
- Maar Hy staan op as die Regverdige.
- Hy vaar weg as die Verheerlikte.

Kom ons kyk na die werklike toestand waarin ons tans verkeer.

- Ons is geestelik dood.
- Ons kan nie maklik goeie werke doen nie.
- Ons belieg mekaar maklik.
- Skinder sonder om te skroom.
- Verwaarloos die gemeenskap met God.
- Is dikwels ontevrede met baie dinge wat God ons in sy goedheid aanbied.

Daar moet dus iets gebeur.

- Ons moet bekeer word, of ons sal van God geskei bly.
- Ons kan self niks aan die toestand doen nie.

Daarom voorsien God die weg van bekering deur Jesus Christus.

- Hy laat Jesus eers sterf om die dood te oorwin.
- Hy ruk ons uit die hande van die satan uit – deur die werking van die Heilige Gees plaas Jesus ons nou op die regte pad.
- Hy hou ons daar – Hy lei ons voortdurend na God die Vader toe.

Hy keer Saulus voor.

- Hy vermaan hom omdat hy aanhou om teen die prikkels te skop.
- Dan gee Hy aan hom die opdrag om op te staan en na die stad te gaan – hy sal daar sy opdragte ontvang van wat om te doen.

Ons bely dat daar sonder Christus geen bekering moontlik is nie.

- In 1 Korintiërs 15 staan dit neergeskryf dat ons almal in Adam gesterf het, maar dat ons weer in Christus lewend gemaak is.
- Saam met Adam het ons in sonde geval, en saam met Christus is ons verlos. Deur Christus het ons gemeenskap met God.
- Nie so dat Christus net vir ons sondes versoening gedoen het by God die Vader nie:
 - Hy bid ook nog elke dag vir ons by die Vader. Smeek vir ons.
 - Hy woon deur sy Gees ook in ons.

Die Here Jesus Christus stuur die Heilige Gees na ons toe om ons te beweeg tot waaragtige bekering.

- Die Heilige Gees laat ons telkens op ons knieë voor God neersak.
- Hy beweeg ons om van die sonde af weg te beweeg.
- Hy skenk aan ons die verstandelike insig om die sonde te ken wanneer dit paaie kruis met ons.
- Die Heilige Gees leer ons dat daar net een weg is wat na die koninkryk van God toe lei – bekering en geloof in Jesus Christus die lewende God.

2. Die verhouding tussen geloof en bekering

Bekering en geloof gaan saam. Elke mens wat voorgee dat hy 'n bekeerde is, maar wat dit dan nie is nie, word uitgeken omdat sy werklike lewe van die teendeel getuig.

- Niemand kan sonder 'n ware geloof tot bekering kom nie.
- Sommige mense het 'n valse geloof, maar gee tog voor dat hulle ware bekeerdes is.
 - Ons noem dit 'n wettiese bekering.
 - Dis 'n uitwendige bekering.

Judas was só 'n mens.

- Hy het so goed saam met die ander dissipels gelewe dat niemand kon dink dat hy die verraaier sou wees nie.
- Maar so 'n oppervlakkige goeie lewe na die buitekant toe, sonder die nodige geloofsdiepte na binne, is nie duursaam nie. Dis ook nie kragtig nie.
- Daarom verrai Judas die Here.
- Toe sy uiterlike vroomheid getoets word aan die diepte van sy geloof, het hy die pad weg van God af geloop.

By Paulus het ons 'n omgekeerde voorbeeld van die een van Judas.

- Op pad na Damaskus toe kom hy tot bekering, en van toe af is die vrugte van bekering baie duidelik in sy lewe gesien.
- Daar was, menslik gesien, nie nog 'n apostel wat vir die kerk van die Here geywer het soos Paulus nie.
- In 'n sekere sin is sy naamsverandering simbolies van die afsterwe van die oue mens en die opstanding van die nuwe.
 - Saulus is die vervolger – die ou mens.
 - Paulus die yweraar – die nuwe mens.

3. Dit bring ons by die verhouding tussen goeie werke en bekering

Uit ons bekering kom daar goeie werke voort.

- Dis noodsaaklik, want dit getuig van ons dankbaarheid dat God ons geroep het om sy kinders te wees.
- Goeie werke is 'n daad van daaglikse bekering. Dis as't ware 'n soeke na God.
- Jy vlug van die kwaad af weg na God toe met jou goeie werke. Daarom doen gelowiges voortdurend goeie werke.

Ons goeie werke dra 'n baie besondere karakter.

- 'n Christen se goeie werke is nooit daarop gemik om ander mense se goeddunke te wen nie.
- Dis ook nie gegrond in menslike vindings nie.
- Dis altyd tot eer van God en tot sy verheerliking.

Dit is so dat ons ons teen die Here verhard, soos Saulus voor Damaskus.

- Laat ons glo dat die Here Jesus vir al ons ongeregtheid ten volle vereffening gedoen het.
- Dan sal ons ook kan ervaar hoe ons nie alleen stry teen die sonde nie, maar hoe die Heilige Gees saam met ons stry.

Ons val almal dikwels in sonde. Maar dan sal ons ook beleef dat die Here Jesus Christus sê: *Staan op ... 'n Gelowige bekeerde bly nie in sy sondes lê nie.*

Laat ons lewe – ook ons goeie werke – vir almal 'n preek wees van ware geloof in Jesus Christus.

- Kom ons lewe so dat ons die ongelowiges en die halfgelowiges jaloers maak op wat ons meer het as hulle.
- So 'n goeie lewe sal hulle laat besef dat 'n opregte Christen se geestesvermoë dié van die wêreldmens ver oorskry.
- So 'n lewe sal getuig dat ons reeds in ons lewe met God versoen is.

Kom ons lees saam wat ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33:

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: *Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).*

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).*

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).*

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: *Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeie gedunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).*

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:1 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 24 November 2013